**Bylaag tot „KOERS", van Junie 1954.**

# ONS UNIVERSITEIT.

## *Sy Grondslag en Beginsel en die Vryheidsbeginsel.*

---

**1. Grondslag en beginsel van ons Universiteit:**

a. Vir die uitvoering van sy taak en roeping moet die universiteit 'n grondslag en beginsel hê.

As inrigting vir hoër onderwys en vir uitbouing van die wetenskap moet dit iewers op iets vas staan en moet dit iewers begin met sy werk.

Grondslag en beginsel is onmisbaar vir enige universitêre inrigting, en alle universiteite besit dit, of hulle dit wil erken en bely, of nie.

Daar is 'n verskeidenheid van grondslag en beginsel. Een universiteit mag staan op 'n gelowige, 'n ander op 'n ongelowige grondslag. Een mag staan op 'n Christelike, 'n ander op 'n nie-Christelike grondslag; een op 'n teistiese, 'n ander op 'n humanistiese grondslag. Maar, wat 'n universiteit ook mag doen, dit moet op een of ander grondslag staan. Dit is ewe geldig wat die beginsel betref. Elke universiteit het 'n beginsel of prinsiepe wat vir sy werk geld. Sommige universiteite sal wel meer as een beginsel laat geld, al na die bepaalde beginsel van een of ander hoogleraar. Ander universiteite, soos 'n Rooms-Katolieke of 'n Calvinistiese universiteit, het weer een bepalende beginsel.

b. 'n Grondslag is 'n fondament. Die grondslag van ons Universiteit sal die fondament wees waarop ons hier die gebou van ons wetenskap sal oprig.

Dit moet goed verstaan word dat ons fondament nie ons wetenskaplike gebou self is nie maar die grondslag waarop die gebou staan.

Die grondslag van ons Universiteit is die Heilige Skrif, die ewige Woord van ons Skepper. Die Bybel is dus die fondament waarop ons bou. Daarop moet ons 'n gebou oprig wat daarop pas. Die Bybel is nie 'n leerboek vir die wetenskap in die algemeen nie en ook nie in die besonder nie. Dit bevat ook nie die inhoud van die wetenskap nie; dit gee ook nie die sisteem van wetenskaplike kennis op enige vakgebied nie. Dit lê egter neer die fondament waarop die inhoud en die sisteem gebou moet word. Op 'n Christelike universiteit, soos hierdie Universiteit, sal die gebou van elke vakwetenskap vas moet staan op die fondament, die Heilige Skrif. A priori staan dit vir die gelowige wetenskaplike reeds vas: sy vakwetenskap moet op die ewige waarheid van die Woord van God staan, en hy weet en glo ook dat niks in sy wetenskap met die fondament sal en kan bots nie. Ons wetenskapsbeoefening is dus gebind aan ons fondament.

Hierin is ons Universiteit niks unieks nie. Waar en deur wie die wetenskap ook beoefen word, daar en by hom geld 'n fondament, van watter aard en vorm die fondament ook mag wees. Ons het een voorreg: ons ken ons fondament en die wêreld weet watter fondament ons op bou.

c. 'n Beginsel is 'n prinsipe. Reeds Aristoteles het geleer dat 'n prinsipe altyd dit is vanwaar iets begin. Hierdie aanvang of begin noem ons 'n beginsel of prinsipe.

Die prinsipe is nie die fondament nie. Met ons prinsipe bedoel ons die begin en beginsel van die kenne, en meer bepaald die wetenskaplike kenne.

(i) Aan die universiteit wil ons 'n wetenskaplike gebou van kennis oor die Skriftuur en die Natuur oprig.

Ons kan 'n wetenskaplike gebou alleen oprig op grond van die beginsel dat die mens kan ken, dat God aan hom die gawe van ken gegee het. Hierdie gawe is die gawe van die verstand in al sy werksaamhede en funksionering.

Die moontlikheid om op die fondament van die Heilige Skrif 'n wetenskaplike gebou op te rig, hang af nie alleen van die bestaan van Skriftuur en Natuur nie maar ook van die kenvermoë van die mens. Wetenskaplike arbeid is verstandsarbeid.

In sy verstandslewe het die Here aan die mens die gawes van waarneming, voorstelling, geheue, verbeelding en denke gegee. Hulle vorm die eerste begin van ons wetenskapsbeoefening, en sonder dié gawes kan daar geen sprake van wetenskap wees nie. Wesens sonder die gawe van die verstand kan dan ook geen wetenskap ontwikkel en bou nie.

Die gawe van verstand as begin van alle wetenskap het God aan alle tale, volke en rasse gegee. Geen taal, volk of ras is daarsonder nie, al is daar 'n verskeidenheid van tale, volke en rasse en al is daar 'n verskeidenheid van talent onder mense. Die gelowige sowel as die ongelowige, die Christen sowel as die nie-Christen, die Rooms-Katoliek sowel as die Protestant, die Calvinis sowel as die nie-Calvinis het die gawe ontvang. Die gawe van verstand is eie aan die mens-wees.

Die ongelowige wetenskaplike kan nie sê dat die gelowige wetenskaplike nie dieselfde gawe van verstand het nie. Waarneming, voorstelling, geheue, verbeelding, denke besit gelowige en ongelowige, Christen en nie-Christen in gelyke mate. Hierin staan die gelowige naas die ongelowige in sy bevoegdheid om die kenbare te ken.

(ii) Maar naas die beginsel van die kenne kom vir ons Universiteit 'n ander beginsel in rekening.

Om wetenskaplik te ken moet die kenner reeds kennis besit: die onwetende kan wetenskaplik nie ken nie.

Die Christelike wetenskaplike moet reeds die Heilige Skrif ken voor hy die Natuur as gelowige kan ken.

Dit bring ons tot 'n tweede beginsel vir die beoefening van die wetenskap aan 'n Christelike universiteit.

Op die fondament van die Heilige Skrif moet ons ons wetenskaplike gebou oprig deur middel van ons gawes van verstand op die beginsel van ons kennis van die Heilige Skrif.

Hierdie kennis van die Heilige Skrif moet die beginsel van die gelowige wetenskaplike wees. Net soos hy die gawe van die verstand het om mee te begin, net so moet hy die kennis van die Skrifbeginsel besit om mee te begin aan sy wetenskaplike gebou op die fondament.

Nou sal gelowiges in hul verstaan van die Heilige Skrif verskil. En daarom sal daar onder gelowiges ook verskillende strukture op die fondament opgerig word. Daarom sal daar onder andere 'n Rooms-Katolieke en 'n Protestantse, 'n Lutherse en 'n Calvinistiese gebou oprys, al na die verskeidenheid van verstaan van die Heilige Skrif.

Ons Universiteit gaan uit van die beginsel van die Calvinistiese leer oor die Heilige Skrif. Met ander woorde, ons Universiteit gaan uit van die beginsels van die Calvinistiese geloofsbelydenis. Vir ons Universiteit word die kennis van die leer van die Heilige Skrif vervat in die Drie Formuliere van Enigheid, nl. Die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.

Ons sê nie dat dit die enigste Christelike leer is nie, nog minder dat dit die alleensaligmakende leer is. Ons bely alleen dat na die lig van verstaan van die Heilige Skrif dit ons in geloof en kennis ten volle bevredig.

(iii) Deur ons verstand en op grond van ons kennis van die Heilige Skrif kom ons tot 'n derde beginsel vir die ontwikkeling en opbou van ons wetenskap. En dit is die beginsel van ons Christelike lewens- en wêreldbeskouing.

'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing as denkbeginsel gee ten slotte 'n Christelike wetenskap. En 'n Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing as een van die Christelike beginsels van denke gee 'n Calvinistiese wetenskap.

Met ander woorde, elke wetenskaplike werksaam aan ons Universiteit moet kom tot 'n wetenskaplik gefundeerde en gesistematiseerde Christelike lewens- en wêreldbeskouing. Dit is op grond van die beginsel dat aan ons Inrigting 'n verpligte kursus vir alle studente ingestel is in Lewens- en Wêreldbeskouingsleer en in Beginsel- en Metodeleer. Daarsonder kan geen Christelike wetenskaplike enige geldende vrug op sy wetenskapsbeoefening verkry nie. En daarsonder is geen student van hierdie Inrigting werklik gevorm en opgevoed as wetenskaplike en as burger in die Christelike gemeenskap nie. Ons beoog meer as net bekwame vakmanne, ons wil geleerde mense van God vorm en oplei.

**2. Vryheid op ons Universiteit.**

Wat die doserende personeel van 'n universiteit betref, is daar tweërlei soort arbeid wat verrig moet word. Dié personeel moet suiwer wetenskaplike en suiwer didaktiese werk doen. Die vraag is nou of en in hoeverre hierdie werk met die nodige akademiese vryheid behartig kan word. Ons sal dus eers moet stel wat ons beskouing oor die vraagstuk van vryheid self is om daarvan af te lei ons standpunt ten opsigte van die vraag na vryheid in wetenskaplike en didaktiese verband.

a. Ons onderskei baie skerp tussen tweërlei soort vryheid: absolute en relatiewe vryheid.

Absoluut, sonder beperking, besit alleen die Skepper, die Almagtige, volkome vryheid. Die hele skepping is aan Sy gesag en wet onderworpe. Die mens self is 'n skepsel van God en as sodanig is hy onderworpe aan God. Dit wil sê dat die mens gebonde is aan die wet van God. Die mens is egter geskape na die beeld van sy Skepper, geskape in geregtigheid, heiligheid en waarheid. As beelddraer van God besit die mens dan ook 'n mate of vorm van vryheid.

Volgens ons opvatting is die mens dus vry slegs in sover hy onderworpe is aan die gesag van sy Skepper. Die mens is dus in sy handel en wandel, in sy hele lewensbestaan slegs relatief vry. Dit geld dan vir al sy akademiese werk, sy wetenskaplike en sy didaktiese optrede.

b. Die mens is dus op wetenskaplike gebied slegs relatief vry, d.w.s. hy is gebind in sy vryheid aan die wet van God. In sy wetenskaplike arbeid moet hy hom onderwerp aan sy Skepper en Sy Woord.

Wetenskaplike arbeid is arbeid van die menslike gees, van die mens optredende as geestelike wese. In sy geestelike arbeid is die mens oorwegend verstandelik werkend. In sy verstandelike arbeid neem die mens die dinge om hom waar, vorm hy voorstellings oor die werklikheid, tree sy geestesvermoë van die geheue in funksie, ontwikkel daar in sy gees skeppende voorstellings deur die krag van die verbeelding en in hoogste instansie tree die verstand dinkend op. Die hoogste van alle verstandelike handeling is die denke. In sy waarneming, voorstelling, geheue, verbeelding en denke is die mens dus gebind aan sy geskapenheid: alle verstandsgawes word van God ontvang en word deur Hom bepaal en beperk. Bo en buite die gawe van aanleg kan die mens nie uitstyg nie.

En tog is die gees van die mens deur God self in sy liggaam ingeblaas. Daarom beskou ons die mens in sy geestelike lewe as vry, maar vry in onderworpenheid aan die wet van God. So vry het God die mens na die gees geskape dat hy onder die ondeurdringbare toelating van God kon sondig, d.w.s. aan die gebod van die Here ongehoorsaam kon wees. Maar as gebonde skepsel van God moes hy die straf van God op sy oortreding dra.

In sy geestelike, verstandelike, dinkende werk is die mens vry en tog gebind. Wetenskaplike arbeid deur die man van die universiteit is dus relatief vrye arbeid. Dit geskied altyd binne die grense van Gods gebod en binne die bepaaldheid van sy geestelike aanleg.

In wetenskaplike verband is akademiese vryheid vryheid onder die wet van God, gebonde vryheid.

c. Die mens is ook op didaktiese gebied slegs relatief vry, d.w.s. hy is gebind in sy vryheid aan die wet van God. In sy didaktiese arbeid moet hy hom onderwerp aan sy Skepper en Sy Woord.

Didaktiese arbeid neem op die universiteit die vorm aan van onderrig aan die onwetendes. Die onderrig geskied deur die woord van die dosent, die woord as draer van die gedagte.

Die mens is in sy denke vry maar gebind. In sy woord is hy vry en gebind, omdat die woord maar net die openbaringsvorm van die gedagte is.

Maar in sy didaktiese optrede is die universitêre leraar meer in die besonder gebind aan en beperk in en uit homself en in en deur die leerling of dissipel.

Didaktiese arbeid, onderrig, is gebind deur die dosent se bepaalde aanleg, sy opgedane kennis, sy verwerfde oortuiging en sy ingeplante geloof. Sy aanleg in geestelike gawes beperk sy onderrig, deurdat hy nie bo en buite sy gegewe en ontvange aanleg kan klim nie. Sy aanleg is beperk nie alleen in draaghoogte nie maar ook in draagwydte. Sy vryheid van onderrig is baie duidelik beperk deur die diepte en omvang en belyndheid van sy kennis. Sy oortuiging en sy geloof vorm die grondslag en beginsel waarop en waarmee hy sy onderrigtende arbeid verrig. By onderrig kan geen dosent sy eie oortuigings uitskakel nie: hulle kleur en rig bewus of onbewus sy woord, en dus die inhoud en strekking van sy onderrig. Sy onderrig neem in waarde en gewig toe, alleen in sover hy weet dat dit gedra word deur sy oortuigings. Om te sê of te eis dat onderrig los van oortuiging gemaak kan of moet word, is eenvoudig om die onmoontlike en onbestaande te sê of te eis. As die dosent se oortuiging ortodoks of liberaal, Christelik of nie-Christelik is, is sy onderrig ook ortodoks of liberaal, Christelik of nie-Christelik.

Didaktiese arbeid van die dosent is ook beperk deur die aanleg, die kennis, die oortuiging en die geloof van die student. Hierdie stelling is net so vanselfsprekend en so onbetwisbaar as die voorgaande. Maar hierdie waarheid bring 'n netelige probleem in die spel. Die probleem is moeilik wat die aanleg en die kennis van die student maar netelig wat die oortuiging en die geloof van die student betref. Die dosent rig sy onderrig so om aan te pas by die talente en die kennis van die student. Maar wat moet hy doen ten opsigte van die oortuiging en die geloof van die student?

Op 'n universiteit waar dosent en student dieselfde oortuiging en geloof het, is die saak eenvoudig: die dosent lei die student op die gemeenskaplike

weg voort. En hierin lê die krag van 'n universiteit wat 'n uitgesproke rigting as sy beginsel handhaaf. Aan ons Inrigting mag die dosent in sy didaktiese arbeid sy oortuigings uitspreek en verdedig, omdat dit ook dié van sy student is.

Op 'n universiteit waar dosent en student nie dieselfde oortuiging en geloof het nie, is die dosent werklik aan bande gelê. Hy moet die oortuiging van die student in ag neem, eerbiedig, ondersteun, uitbou—en dit is 'n byna onmoontlike taak. Op so 'n inrigting kan nóg dosent nóg student tot die diepste wese van dinge indring. As die dosent beslis optree en sy eie oortuigings skerp laat gaan, begin die dreigende gevaar van gewetensdwang vir die student. Daarom is hierdie dosent éérs gebind in sy vrye woord.

In didaktiese verband is akademiese vryheid vryheid onder die wet van God, gebonde vryheid.

**3. Die Moontlike Gevare van ons Gebondenheid aan ons Grondslag en Beginsel.**

Daar is eers die gevare op suiwer wetenskaplike terrein en dan die gevare op suiwer didaktiese gebied. Dit is moontlike gevare waarteen ons aan hierdie Universiteit moet waak.

a. Gevare op wetenskaplike gebied.

(i) Die gedagte kan ontstaan dat dosente in die verskillende vakwetenskappe gebind is aan 'n bepaalde sisteem van die wetenskap soos ontwikkel deur een of meer gesaghebbende geleerdes op die gebied van die Christelike wetenskap.

Die gedagte is verkeerd. As Christelike geleerdes is ons gebind aan ons Christelike grondslag en beginsel. Die wetenskaplike struktuur wat 'n Christelike geleerde op die fondament en volgens die beginsel bou, moet aan die eise van die fondament en beginsel voldoen. Maar omdat Christelike geleerdes self ook in die sondeval inbegrepe is en omdat ons verstand daardeur verduister is, is geen enkele sisteem van die wetenskap uitgedink deur enige Christelike geleerde algemeen bindend nie. Twee Christelike geleerdes kan uitgaande van dieselfde grondslag en dieselfde beginsel uiteenlopende sisteme of strukture van die wetenskap ontwikkel.

Die enigste toets waaraan alle Christelike geleerdes hulle moet onderwerp, is die norm van grondslag en beginsel. Onder Christelike geleerdes sal daar ewe geldige sisteme van die wetenskap wees; sommige Rooms-Katoliek, andere Protestants; sommige Luthers, andere Calvinisties, nog andere Anglikaans.

Aan hierdie Universiteit ook selfs met sy Afrikaans-Calvinistiese grondslag sal daar uiteenlopende sisteme in dieselfde vakwetenskap kan opkom.

Maar dit doen niks af aan die waarde van elke bydrae nie, mits—en dit nogeens—die sisteme uitgedink is op ons grondslag en ons beginsel.

(ii) As 'n deurwerking van die sonde kan daar die idee ontstaan van eie voortreflikheid en eie onfeilbaarheid.

Die gelowige kom voor die dreigende gevaar dat hy alles wat van hom verskil, as verkeerd, laat staan as ketters, beskou.

Dit is egter geen wesensgevolg van die beoefening van die wetenskap op 'n vaste en bepaalde grondslag en volgens 'n vaste en bepaalde beginsel nie. As die Christelike wetenskaplike werklik gelowig is, dan is hy ook in sy wetenskapsbeoefening nederig en kinderlik. Sy wysheid is maar die wysheid van 'n kind in die kennis. Op hierdie aarde sal hy nooit ten volle ken nie. En daarom sal hy in alle ootmoed en dankbaarheid sy weg van die wetenskap bewandel. En daarom sal hy selfs van die ongelowige wetenskaplike leer, want God het in Sy algemene genade ook aan die ongelowige gawes van verstand en werkkrag gegee.

(iii) Aan 'n Christelike universiteit word een van die mooiste wetenskappe, vroeër selfs genoem die koningin van die wetenskappe, gedoseer. Aan die inrigting neem die Teologie 'n sentrale, bindende plek in.

Die Christelike geleerde mag van die teologiese geleerde lig en leiding verwag. Die teoloog moet dit gee. En nou mag die teoloog, selfs aan 'n Christelike universiteit, tot die sondige gedagte kom dat die Teologie die oorheerser moet word oor alle ander wetenskappe.

Dit is 'n moontlike gevaar.

Maar die teoloog is ook 'n sondaar, ook sy verstand is verduister en beperk tot 'n klein veld. Hy moet as nederige dienskneg van die Here ook sy grense ken. Hy is vakkundige teoloog maar nie vakkundige op ander gebiede nie. Selfs sy eie teologiese sisteem is nie algemeen geldend nie—nie eens op sy eie gebied nie, laat staan nog op ander gebiede. Van alle wetenskaplike sisteem is die teologiese sisteem moontlik die dreigendste gevaar. Die teoloog mag in sy sondige voortvarendheid dink dat sy sisteem die enigste sisteem van die wetenskap mag wees.

Maar so doen die teoloog aan 'n Christelike universiteit nie, en so mag hy nie doen nie. En dit des te meer op 'n universiteit met 'n Calvinistiese grondslag en beginsel. Hier geld tog meer as op ander universiteite, selfs van Christelike rigting, die eis van soewereiniteit in eie kring.

(iv) 'n Uiters moeilike vraag staan in verband met die sogenaamde gewetensdwang van die dosent.

Ek bedoel hier nie gewetensdwang op gebied van 'n sisteem van wetenskap nie. Daaroor is reeds voldoende gehandel.

Ek bedoel hier dit. 'n Jong geleerde word op die personeel van hierdie Inrigting benoem. Van huis uit en deur sy eie opvoeding is hy Christen. Hy aanvaar as sy eiendom die grondslag en die beginsel van hierdie Universiteit. Hy werk met lus en krag aan die uitbouing van sy vak.

Maar, algaande kom hy tot ander insigte en tot 'n ander oortuiging. Hy kan homself nie meer versoen met ons grondslag en ons beginsel nie.

Wat staan hom nou te doen? Moet hy reg teen sy nuwe insigte en veranderde oortuiging in bly voortwerk aan hierdie Inrigting? Mag hy in stryd met die grondslag en beginsel van die Universiteit sy nuwe insig en oortuiging uitspreek en verdedig?

Dit is baie duidelik dat hy nie langer inpas in die raamwerk van ons organisasie nie. Hy weet as eerlike geleerde dat hy nie langer in die span hier kan saamtrek nie.

Dit is nie ons Universiteit wat sy gewete aangryp en dwing nie. Dit is hy self wat dit doen as hy hier langer wil bly werk. Aan homself sal hy ontrou wees, as hy voorgee dit te wees wat hy nie meer is nie.

As man van geleerdheid, as man van ernstige oortuiging, as man van eer moet hy sy besware voor die plaaslike owerhede lê. Daaruit kan net een van drie voortvloei. Hy kan die owerhede hier oortuig dat sy oortuiging nog pas in die organisasie, en dan moet die owerhede hom in die gelyk stel en hom handhaaf. Of hy kan nie daarin slaag nie, en dan moet hy mans genoeg wees om te sê: hier hoort ek nie tuis nie, gee my my losmaking. Of hy kan a priori self sy ontslag aanvra sonder voorafgaande ondersoek of onderhoud.

En dan is daar net niks sprake meer van gewetensdwang nie.

(v) Die laaste van die moontlike gevare kan baie kort gestel word. Bring binding aan 'n grondslag en 'n beginsel nie mee beperking en beperktheid van doel, aard, omvang en metode van wetenskaplike navorsing en ondersoek nie?

Daarop is die antwoord kort en direk: nee.

Die Christelike gelowige het presies dieselfde veld van ondersoek as enige ongelowige: die hele natuur. En daarby het hy ook nog die onmeetlike gebied van die Skriftuur.

Die Christelike geleerde het dus eerder 'n groter omvang van veld as 'n beperkter een.

Wat die doel en aard betref, is daar ook geen beperking nie. Die Christelike geleerde wil deur sy ondersoek en navorsing niks meer leer ken as die geopenbaarde waarheid nie. Hy wil sowel die Skriftuur as die Natuur leer ken.

Daar is ook geen beperking wat sy metode van ondersoek betref nie. Die Christelike geleerde beskik as mens oor presies dieselfde metodes van

ondersoek as enige ander geleerde, naamlik alle vorme van sistematiese waarneming en alle metodes van sistematiese deurdenking.

(vi) Ons kom dus tot die slotsom dat daar wel moontlike gevare van gebondenheid aan ons grondslag en beginsel is. Ons ken die gevare, en ons kan hulle vermy en voorkom.

b. Op didaktiese gebied.

Daar is veral twee moontlike gevare hier.

(i) Die dosent kan in sy onderrig die student net op een paadjie blindelings lei.

Hiermee word bedoel positief dat die student net kennis maak met ons bepaalde grondslag, beginsel en wetenskapsbeoefening. Hy hoor niks van wat in die wye wêreld aangaan nie. Al sy geleerdheid is beperk tot die Christelike geleerdheid. Dit is 'n gevaar, maar daarteen word deur die nederige geleerde gewaak. Hy weet dat hy nie alle kennis in pag het nie. Hy weet ook dat hy veel kan leer van ander geleerdes, ook van die wat 'n ander grondslag en beginsel het. Aan ons Universiteit word die student in elke wetenskap op hoogte gebring met wat geleer word deur manne van ander rigtinge. Hierdie onderrig in ander rigtinge geskied egter ook krities. So objektief moontlik word gestel wat andere dink en leer, maar dan word dadelik standpunt ingeneem en gestel dat ons anders dink en leer.

(ii) Die dosent kan in sy onderrig die student dwing om ons rigting te aanvaar sonder dat hy (die student) van die waarheid daarvan oortuig is.

Dit is gewetensdwang van die ergste graad op die student. Om enige stelling te moet aanvaar sonder oortuiging van die waarheid is so grof dat geen dinkende mens van watter oortuiging ook al sy studente so sou „opvoed" nie. Opvoed is dit natuurlik glad nie. Deur opvoeding wil ons juis die student bring tot die uitoefening van die hoogste verstandsgawe, die gawe van denke.

Aan hierdie Universiteit werk ook ootmoedige geleerdes. Hulle weet dàt hul verstand verduister en beperk is. Hulle weet dat hulle nooit sal ken soos in volmaaktheid geken kan word nie. Daarom sal hulle wel hul oortuiging uitspreek, maar hulle sal dit nooit op die student afdwing nie. Dit sou sonde wees. En daarteen bind hulle self die geestelike stryd aan.

**4. Die Werklike Voordele van ons Gebondenheid aan ons Grondslag en Beginsel.**

Dit is die heerlike kant aan ons wetenskaplike en didaktiese arbeid aan hierdie Universiteit.

a. Op wetenskaplike gebied.

(i) Ons gemeenskaplike grondslag en beginsel is 'n vinculum magistrorum. Dieselfde grondslag en beginsel bind ons dosente saam soos niks anders dit kan doen nie. Dit bind ons saam in ons wetenskaplike denke en ondersoek. Dit verenig ons kragte en voorkom alle versnippering van ons optrede. Deur die saambindende mag van ons grondslag en beginsel kan ons as eenheid optree in ons verhoudinge en verantwoordelikhede teenoor die gelowige gemeenskap wat ons moet dien. Hierdie belydenis is geen hooghartigheid nie maar eerder 'n roepstem tot groter verantwoordelikheid en ootmoed. Hoe groter 'n mens se verantwoordelikheid, hoe kleiner voel 'n mens jou. En dan wend jy jou tot die Bron van alle krag.

'n Christelike universiteit dien die gelowige gemeenskap as 'n intellektuele kragsentrale en as 'n vraagbaak vir intellektuele probleme wat in die gemeenskap ontstaan.

(ii) Ons gemeenskaplike grondslag en beginsel rig ook ons denke en ondersoek in 'n vaste koers.

As wetenskaplikes is ons geroep om in Skriftuur en in Natuur na die waarheid te soek, nie dat die waarheid verlore is nie maar dit is vir ons verduisterde verstand moeilik om te vat. Nou besef die Christelike geleerde dat dit nie om die waarheid as sodanig gaan nie maar om die waarheid as 'n openbaring van die Skepper. Ons soek die wetenskaplike waarheid om Hom te leer ken in Sy openbaring en om so die naam van ons Skepper groot te maak. Ons vaste koers is die kennis, die diens en die verheerliking en die liefde van God. Geen wetenskaplike kan 'n hoër doel nastrewe en kan 'n vaster en duideliker doel vir sy denke en onderdsoek hê nie.

(iii) Die gemeenskaplike grondslag en beginsel gee aan die Christelike wetenskaplike 'n onmisbare instrument, 'n maatstaf, 'n norm van beoordeling oor al sy wetenskaplike arbeid.

In sy denke, vorsing, waarneming kom dié geleerde voor baie verskynsels en probleme te staan, wat hom roep tot besinning. Skynbaar is daar in die waargenomene en deurdagte baie teenstrydighede, botsinge, teensprake. Sonder 'n norm moet enige wetenskaplike verlore wees. Daarsonder kan hy die ware en onware, die goeie en slegte, die skone en lelike in die skepping nie onderskei nie. Die ongelowige wetenskaplike met sy gawes van verstand kom baiekeer na vore met stellings wat direk ingaan teen die werklike waarheid, die waarheid van Gods openbaring. Teenoor die stellings kan die gelowige nou stadpunt inneem, want hy het 'n maatstaf vir beoordeling. Stellings en teorieë wat in stryd is met die geopenbaarde waarheid kan dus weerlê word, omdat hulle nie op die grondslag staan en volgens die beginsel ontstaan het nie.

Nou is dit waar dat enige wetenskaplike so 'n norm het, 'n norm wat uit sy grondslag en beginsel gebore is. Daar is liberalistiese, humanistiese, idealistiese norme. Maar omdat hulle almal die skepping is van die menslike gees, is hulle nooit vasstaande nie maar altyd wisselend en tentatief. Daarteenoor staan die vastheid van die Heilige Skrif vir die gelowige. Ook dit is nie iets vir menslike roem en hooghartigheid nie, dit is slegs iets om die Here voor te dank en iets om te gebruik tot die groter eer van onse God.

(iv) Die gemeenskaplike grondslag en beginsel is ook 'n vinculum scientiarum.

Op die universiteit, soos ons dit vandag ken, word daar 'n baie groot verskeidenheid van uiteenlopende wetenskappe onderrig en ondersoek. Nou leer die geskiedenis van die hoër onderwys dat daar reeds bindinge van wetenskappe plaasgevind het, soos blyk uit die groepering van sekere wetenskappe onder een of ander fakultiet. Hierdie binding is egter niks meer as 'n inhoudelike binding nie. In die wetenskap van die opvoeding, die Opvoedkunde, word as een groot pedagogiese beginsel neergelê die korrelasie van studies. Dit gaan wel nie in die eerste plek om die wetenskappe self nie maar wel om die leerling en om die organisasie van die onderwys. Sonder die nodige korrelasie van die studies kan die leerling nooit behoorlik opgevoed word nie.

Maar die vinculum scientiarum op 'n Christelike universiteit gaan dieper en verder deur. Dit is nie net die verwante wetenskappe wat gekorreleer word nie. Dit is die binding van alle wetenskappe aan mekaar, want alle kennis is maar net kennis van een en dieselfde natuur byvoorbeeld. Die vakwetenskappe benader dieselfde veld van ondersoek net verskillend, maar die groot veld bly dieselfde. En dan is die hoofdoel van ondersoek vir die gelowige steeds dieselfde: Gods skepping te ken om Hom te dien en lief te hê.

Die vinculum bind nie net alleen wetenskappe saam nie, maar dit orden ook die wetenskappe sodat hulle vir die gelowige wetenskaplike 'n volgorde besit en van die natuurlike tot die geestelike opklim. Die vinculum vereis dat die student aan 'n Christelike universiteit ingelei moet word in al die verskynsels. Hy moet iets weet van die fisiese skema van die skepping, van die verskynsels van die organiese lewe, van die historiese proses, van die bou en werking van die menslike samelewing, van die plan van die heelal en boweal van die Skepper van al die verskynsels.

b. Op didaktiese gebied.

(i) Een van die groot probleme verbind aan die moderne akademiese onderrig is die verskynsel van spesialisme.

Omdat die onderrig aan die universiteit deur spesialiste gegee word wat soms net oog en oor het vir hul spesialiteit, gebeur dit byna deurgaans dat

studente die universiteit verlaat as bekwame en goed opgeleide vakkundiges, maar ook dat aan hul algemene vorming baie skort. In plaas van manne van die wetenskap te vorm, lewer moderne universiteite so maklik net spesialiste.

En dit mag nooit die vrug van die arbeid aan 'n Christelike universiteit wees nie. Die Christelike universiteit moét bekwame spesialiste oplei. Sy roeping is egter nog dringender: om opgevoede manne van die wetenskap aan die gemeenskap te lewer.

En hierin kan die Christelike universiteit met sy grondslag en beginsel, sy hegte vinculum besonder goed voldoen. Sonder die vinculum kan immers geen manne van die wetenskap gevorm word nie maar hoogstens net uiters bekwame spesialiste.

(ii) Een uiters belangrike didaktiese voordeel van die Christelike universiteit is die vorming van jong manne en vroue met 'n vaste, wetenskaplik gefundeerde en gesistematiseerde lewens- en wêreldbeskouing.

Die gevaar van vorming van die jeug aan 'n inrigting sonder 'n vaste grondslag en beginsel, of beter gesê sonder 'n gemeenskaplike grondslag en beginsel, lê juis hierin dat die jeug wat na die universiteit kom vir die onderrig in en die verwerwing van 'n vaste lewens- en wêreldbeskouing as 'n skeptikus die wêreld ingaan. Want, wat is die ware toedrag van sake aan 'n inrigting sonder 'n gemeenskaplike binding?

Om 8 uur ontvang die student onderrig van 'n ortodokse Christen, om 9 uur van 'n oortuigde ewolusionis, om 10 uur van 'n deurknede monis, om 11 uur van 'n ewe goed onderlegde dualis, om 12 uur van 'n idealis en om 1 uur van 'n realis.

En waar staan die jong student nou? Daar is by hom net verwarring, twyfel en wantroue. As 'n aantal geleerdes so fundamenteel van mekaar verskil in hul onderrig aan hom, wat moet hy glo? Psigologies is die uitwerking dat hy niks glo nie, dat hy 'n volslae skeptikus word, die armsaligste van alle geleerde mense.

Nee, ouers wat hul kinders na 'n Christelike universiteit stuur, waar daar 'n gemeenskaplike grondslag en beginsel geld, weet minstens dit dat hul kinders nie skeptici sal word nie, want hulle ontvang onderrig uit een stuk. Hulle sal weet dat wat dosent A doseer, nie deur dosent B afgebreek sal word nie. Ouers het die vrye keuse om hul kinders te stuur waar hulle wil. As hulle hul kinders na 'n universiteit met 'n gemeenskaplike grondslag en beginsel stuur, dan weet hulle presies watter soort onderrig hul kinders wel sal ontvang.

Daarin lê die seën maar ook die verantwoordelikheid van 'n inrigting soos die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

J. CHR. COETZEE.